# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Kerstyd

**8 DESEMBER 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **21**

# INHOUD


**03 KERSBOODSKAPPE**

03 NG Kerk Vrystaat, **Sinodale Kerkkantoor**
05 **Moderamen** van die NG Kerk Vrystaat

**07 VRYPOS-FOKUS**

07 Diens van Barmhartigheid | **Savage Breytenbach – vurige bestryder van veldbrande**

**08 ARTIKELS**

08 Visionering | **Ons vroue – die pilare van ons gemeenskappe**
08 Vennote in Getuienis | **Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies**
08 Vennote in Getuienis | **Bereik Moslems deur die vertel van verhale**
08 Afrika-Ekumene | **Besondere seminaar in Mosambiek gee nuwe hoop**
08 Afrika-Ekumene | **Mosambiek-leraars bemagtig deur Veritas**
08 Algemeen | **Aborsie en die Algemene Sinode**

**09 MEDIATEEK**

09 Boek en Inventaris | ***Letters to a Young Theologian***, Henco van der Westhuizen

**12 EKOLOGIE**

12 **Internasionale Berg-dag | 11 Desember** #mountainsmatters

**13 AKTUEEL ALGEMEEN**

14 LigApp Kategese | 2024
15 Advertensies
17 Torings van Hoop | Kersfees 2023

**19 OPLEIDING**

**20 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE**

NUUT

**21 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS**

**22 VERJAARSDAE**

**23 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES**

**25 'N LAASTE GEDAGTE**

**28 KONTAK ONS**

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio
Leon M Foot | Jan Lubbe
Adriaan de Ruiter
Francois Lamprecht
Madelein Bakker
Missie Japan | Kerkbode
VrydagNuus, Kaapkerk
Bybelmedia | CLF
Blêr | Martin Schwella

---

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

***16-18 FEBRUARIE 2024**
**VROUEKONFERENSIE**
Hebreërs 11:1
**Deel van God se Storie**
Amanzi Private Game Reserve | Kom wees deel
**BESPREEK NOU!**

# VOLGENDE VRYPOS

Die eerste 2024-uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 19 Januarie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



Geseënd

# CHRISTUSFEES

Aan die einde van 2023 wil ons graag baie dankie sê vir elkeen se onbaatsugtige opofferings, voorbidding en harde werk.

Ons wens u 'n geseënde Christusfees toe en ons opregte bede is dat:

Christus alles en in almal sal wees.

Ons sal vergewe, soos die Here ons vergewe.

Onsself beklee met liefde, wat die band is wat alles volmaak saambind.

Toelaat dat die vrede van Christus, in ons harte regeer.

Vlgs | **KOL 3:11-15**



NG KERK VRYSTAAT | SINODALE KERKKANTOOR

Reeks aanbiedings deur

**Dr Lisel Joubert**

# 2024

## ONTMOETING MET
# HEILIGES



Netwerk vir Spirituele Begeleiding

**BENEDICTUS**
Donderdag **25 Januarie** | 13:00 **01**

**BRIDGET VAN KILDARE**
Donderdag **11 April** | 13:00 **02**

**BERNARDUS VAN CLAIRVAUX**
Donderdag **18 Julie** | 13:00 **03**

**HADEWIJCH VAN BRABANT**
Donderdag **10 Oktober** | 13:00 **04**

**GRATIS** REGISTREER

https://qkt.io/3POXkF

**Kwartaalikse** Zoom-aanbiedings

Navrae | Ds Barnard Steyn bicsteyn@ngkvs.co.za

# *“... ons voete op die pad van vrede...”*

Drie keer in die “Kersverhaal” soos deur die evangelis Lukas vertel, klink die woord “vrede” op (ειρήνη). Twee keer uit die mond van twee grysaards, een keer – die middelste keer nogals – by monde van die hemelse leërskare. Eers in die loflied van die ou priester Sagaria, die “verstomde” vader van Johannes die Doper (Lukas 1:79); dan in die *Gloria in excelsis Deo* van die engelekoor bokant Betlehemsvelde daardie nag (Lukas 2:14) en dan in die *nunc dimittis*-gebed van die vroom, verlangende Simeon in die tempel (Lukas 2:29). ‘n Pad van vrede om op te gaan, ‘n seënbede vol vrede om onder te leef, ‘n dankbare vrede om aan die einde mee heen te gaan.
Ons begin, ons voortgang, ons einde: Vrede, vrede, vrede.

*Ons is in Advent 2023 en oor sestien dae, is dit Kersfees.*
***“Welkom, o stille nag van vrede”.***

Maar, so lees ek hierdie week in ‘n koerant-rubriek, ... vanjaar is daar 9 000 mense in die oorlog in die Ukraïne dood, 16 000 mense in verskriklike geweld in Gasa/Palestina/Israel, en 27 000 mense in Suid-Afrika vermoor. Verlede Sondag, nadat ek ‘n plattelandse gemeente besoek en ons lank oor onderlinge verskille én Hom wat ons aan mekaar verbind, gesels het, stop ek by die motorhawe by die vervalle dorpie se uitgang om brandstof in te tap. Agter die toonbank in die winkeltjie, teen die groot muur, ‘n dertigtal handwapens te koop uitgestal. Net so oop en bloot. Doodmaakgoed vir “manlike” gebruik. Die amptelike statistiek wys dat die oorgrote meerderheid van moordslagoffers in ons land, mans is. Mans wat aan die hand van ander mans gesterf het.

Terwyl – vertel ‘n vriend my gister van navorsing wat onlangs gepubliseer is – die meerderheid van studente wat hul by Suid-Afrikaanse universiteite inskryf, vroue is; die beste presteerders in kursusse oor die algemeen, vroue is; die meerderheid studente wat hul studies voltooi en gradueer, vroue is. Wát vertel dit oor wat in die hart, niere en sosiale vesel van ons samelewing aan’t gebeur is? Wat het só skeefgeloop dat seuntjies en jongmans méér en méér ‘n weg van mag, stryery, konflik, geweld en selfvernietiging kies?

## *In ons kerke: Hoe klink ons taal? Hoe lyk ons voorbeeld?*

Sou ons dit kon regkry om hierdie Kersfees weer die Evangelie van Vrede te lees en dit hartlik te glo? Om die stem van die Vredevors in ons binnekamer na ons elkeen te hoor roep? Om sy Gees toe te laat om ons persoonlik te vervul met ‘n vrede wat ons rede en al ons geredekawel te bowe gaan? Om – ja, in Sagaria se profesie – as ‘n nuwejaarsvoorneme “ons voete te rig op die pad van vrede”?

Daarvoor is stilte nodig, diep en deurdringende stilte waarin ek my eerlik en daarom nederig in Sy teenwoordigheid begewe. Nie selfvoldaan of selfs met die beste voornemens en gebede instorm nie. Nee, vrede kán ek nie self maak nie.

Vrede is 'n geskenk wat ons in die heilige nabyheid van God, ons Vader, ontvang (Psalm 122). Vrede is die woorde waarmee Christus ons groet en die gawe wat Hy aan ons nagelaat het (Johannes 14 en 20). Vrede is die vrug van gebed, 'n vrug wat geleidelik vorm en rypword deur die inwoning van die Gees van God, binne-in ons (Galasiërs 5).

In daardie stilte sal jy hoor dat Jesus sy volgelinge geseënd genoem het omdat hulle vredemakers geword het; dat hulle kinders van God genoem sal word (Matteus 5:9).

Nog 'n vriend hier in die gemeente het my vanjaar dié woorde gegee:

*"Peace making doesn't*
*mean passivity.*
*It is the act of interrupting injustice*
*without mirroring injustice,*
*the act of disarming evil*
*without destroying the evildoer,*
*the act of finding a third way that*
*is neither fight nor flight*
*but the careful, arduous pursuit*
*of reconciliation and justice.*
*It is about a revolution of love*
*that is big enough*
*to set both the oppressed and*
*the oppressors free."*

Dié woorde is van Shane Claiborne, evangeliese skrywer en pleitbesorger vir geweldloosheid en hulp aan weerloses en mense wat swaarkry, en kom uit sy boek *Common Prayer: A Liturgy for Ordinary Radicals*. Hoe sal dit wees indien ons as kerke hierdie Kersfees vredestaal van ons kansels af laat hoor? Ons gebede in 'n gees van vrede na God laat opstyg? Ons ons giftige sleutelborde ontwapen en dit omsmee in ploegskare wat nuwe grond, nuwe lewe, nuwe sorg oopbreek? Ons opstaan – nie om teenoor mekaar te roep "Hier staan ek!" nie, maar om ná mekaar toe te stap, die derde weg, ons hande oop vir vrede. Sodat ons waarlik vrygemaak kan word van dié gees en greep van geweld waarin ons verval het, en dreig om in onder te gaan...

## *Het ons dan nie 'n voorbeeld in Jesus self nie?*

Dán sou hierdie 'n onvergeetlike en geseënde Kersfees kon wees, en 2024 – selfs al ís dit 'n verkiesingsjaar – voorspoedig en vredevol! Mag Hy ons gebed hoor en ons dit skenk.

*"Vrede vir julle!"*

***Ds Jan Lubbe***
*Voorsitter: Moderamen van die NG Kerk Vrystaat*

***LEES HIER:** *'n Pastorale brief by die Jaareind*

Visionering | Moderamen

VRYPOS-FOKUS

# Savage Breytenbach

## Vurige bestryder van veldbrande

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

*"Ons lei baie mense op en daar waar 'n veldbrand uitbreek, word gefokus op veiligheid, asook praktiese metodes van brandbestuur, veral oor hoe om veilig te wees tydens 'n veldbrand."*

| **Johann (Savage) Breytenbach**

Johann Breytenbach, vir die meeste mense bekend as Savage, woon al meer as twintig jaar in die Dewetsdorp-distrik en is sedert 2004 betrokke by veldbrandbestryding.

Nadat hy in 2012 versoek is om die Working On Fire-span wat aan die omgewing toegewys is, te bestuur, het hy ook al hoe meer by groter georganiseerde brandbestrydingstrukture betrokke geraak. Hy is tans die algemene bestuurder van Free State Umbrella Fire Protection Association (**FSUFPA**).



*Foto: Johann (SAVAGE) Breytenbach*
*(Oorgeneem uit IING - FSUFPA - Wildfire CPD Session)*

### Ons het by Savage gaan uitvind hoe hy in formele gemeenskapsbrandbestryding begin belangstel het.

"Drie dae nadat die span van hul opleiding af teruggekom het, op 12 Augustus 2012, het daar 'n massiewe brand ontstaan wat so vinnig versprei het dat dit 58 000 hektaar in die distrik binne 24 uur vernietig het. Dit het geweldige skade veroorsaak; die hele gemeenskap was platgeslaan.

"Ek het toe agtergekom dat daar niemand is wat jy in so 'n situasie kon skakel nie. Niemand het voldoende brandbestrydingskennis nie en daar was geen praktiese hulp beskikbaar nie.

"Dit het my laat besluit om agter die kap van dié byl te kom en ek het toe op veldbrandbestryding begin fokus. Ek was alreeds by gemeenskapstrukture betrokke vanuit 'n veiligheidsoogpunt.

"Hierdie insident het my gemotiveer om meer paraat te wees as so iets weer sou gebeur; ons gemeenskap kon nie weer in so 'n toestand onkant betrap word nie. Daar was 'n oorweldigende gebrek aan die nodige hulp, kundigheid en ondersteuning. In 2014 het ek gehelp om 'n praktiese 'Working on Fire'-opleidingsfasiliteit in die Dewetsdorp-omgewing tot stand te bring wat meer gevorderde praktiese opleiding vir hul personeel aanbied.



FSUFPA

Ek het ook toe 'n meer formele veldbrand-bestuursopleiding ondergaan en het ook by die SAUSA-opleidingsprogram betrokke geraak wat deur die **Amerikaanse Bosboudienste** se internasionale programme aangebied word. Ek het in 2016 by FSUFPA begin betrokke raak."

### Johan, verduidelik asseblief waarom en hoe FSUFPA ontstaan het.

"FSUFPA is die sambreel-brandbeskermingsvereniging in die Vrystaat en het 'n statutêre ontstaansreg volgens artikel 4.10 van die Nasionale Veld- en Bosbrandwet. Alhoewel FSUFPA dus 'n nie-regeringsorganisasie of nie-winsgewende organisasie is, het ons statutêre bestaansreg. "FSUFPA is, soos baie van die ander provinsiale sambreel-brandorganisasies, in 2013 gestig.

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

VISIONERING

Taakspan Vrouebediening

## Ons vroue – die pilare van ons gemeenskappe

*Mariëtte Odendaal*




**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

RFF | Deel 1 van 7

## Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Islam

## Bereik Moslems deur die vertel van verhale

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Susterkerk in Mosambiek

## Besondere seminaar in Mosambiek gee nuwe hoop

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Veritas College Mosambiek

## Mosambiek-leraars bemagtig deur Veritas

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*




**Lees hier**

ALGEMEEN

'n Opiniestuk

## Aborsie en die Algemene Sinode

*Dr Leon M Foot, Algemeen*



**Lees hier**

# MEDIATEEK

# *LETTERS TO A YOUNG THEOLOGIAN*

**Henco van der Westhuizen**

*FORTRESS PRESS / AFRICAN SUN MEDIA*
*2022 / ENGELS / SAGTEBAND*




"Geskrywe deur ervare en wyse teoloë wêreldwyd gaan hierdie versameling briewe *"Letters to a young theologian"* jou evangeliese asem behoorlik wegslaan en jou jeugdige nuuskierigheid onuitblusbaar aanwakker oor geloof, teologie, teologiese nadenke en lewenswyses. Die wyd uiteenlopende temas wat diep, veelkantig verweef en gelaagd ter sprake gebring word, is onder andere temas soos menswaardigheid, weerloosheid, heelheid en heling, verbeelding, openheid, bevryding, andersheid, vreugde. Op etlike verrassende wyses gaan hierdie besprekinge jou skool in teologiese geletterdheid, durf en nederigheid. Boonop gaan die kontekstuele stempels van die skrywers op aangrypende wyses die konkreetheid van jou beliggaamde lesershart hier en nou as adres nie onaangeraak laat nie – want die lees hiervan is nie net maar sommer nog 'n leesgebeure nie, maar weliswaar 'n meesleurende gebeurlikheid. Amper sakramenteel uitnodigend in die gees van die woorde van Augustinus, die 5de eeuse kerkvader uit Afrika: "tolle lege" ('neem en lees")."

**Prof Danie Veldsman**
(Sistematiese Teologie, Universiteit van Pretoria)

**Die e-boek is beskikbaar by**

- *Amazon*
- *African Sun Media*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# Deel van God se storie

Vrouekonferensie

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

## 16 - 18 FEBRUARIE 2024

*HEBREËRS 11:1*

### AANBIEDERS

Dr Nina Müller van Velden
Prof Kobus Schoeman
Gasspreker

### BESPREKINGS NOU OOP

**BESPREEK HIER:**
**HTTPS://QKT.IO/UFZL2G**

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat

# KOUGOM 2024
## STUDENTEKAMP

## DIE TYD IS NOU

**12-15 JANUARIE**

**R 1000**

MOOIGENOEG
KAMPTERREIN

***Haal Weer Asem!***

**Hoor Hoe Die Stem van Jesus Ons Roep,
Soos Lazerus, Uit Die Graf Uit**

SKRYF NOU IN!
WWW.KOPANONGCHURCH.ORG/KOUGOM

VIR MEER INLIGTING

KOPANONG
BEDIENING

MEER INLIGTING BY WWW.KOPANONGCHURCH.ORG




**#MOUNTAINSMATTERS**

**Oorgeneem** | *Universiteit van die Vrystaat*

- LOER HIER | ***Informing the Future for a Sustainable African Mountain City*** | *6 FEBRUARY 2023 | STORY KEKELETSO TAKANG*
- LOER HIER | *BARU collaborations a game changer for mountain research in Southern Africa (bult news magazine 2022 #1 - page 38 & 39)*
- VIDEO | **Universiteit van die Vrystaat** | *The Peaks Foundation (South Africa): Non-profit developing young researchers and promoting science for sustainable futures.*
- LOER HIER | **Universiteit van die Vrystaat** | *The Afromontane Research Unit: A continental leader in African mountain research.*


YouTube | **Lees hier**

# AKTUEEL EN ALGEMEEN












# LIGAPP 2024

**Met meer as 3 000 gebruikers wat tans LigApp Kategese gebruik, is dit verstommend om te dink dat 2024 slegs die derde jaar is sedert gemeentes dit begin gebruik het. Binnekort gaan daar meer as 100 gemeentes wees wat deel is van die LigApp-familie!**

**Wat maak LigApp so gewild?** Eerstens is dit relevante, Bybelse kategese-materiaal wat kinders ontmoet daar waar hulle werklik leef. Die materiaal is selfs belydenis-gefundeerd, met die eerste twee jare se kurrikulum wat fokus op die Heidelbergse Kategismus, maar in 'n taal en styl wat dit verstaanbaar maak vir jong gelowiges van graad 6-12. Dis ook die eerste toep van sy soort in die wêreld! Nie net kan kinders hulle kategese doen waar en wanneer hulle wil nie, maar gemeentes kan sien hoe hulle vorder, watter materiaal reeds deurgewerk is en waar daar hulp nodig is.

Die hart van kategese is 'n geloofspad saam met Jesus, en dit vanuit die Bybel as grondslag. Juis dit maak **LigApp** so effektief. Die materiaal resoneer met tieners en spreek hulle lewens aan. Die toep help om te verseker dat hulle dit maklik kan gebruik, enige tyd, op enige plek en dit help hulle om heelwat meer Bybel te lees! Dis ook meer as net 'n toep met 'n klomp lesse in. Dis 'n hele stelsel wat gemeentes in staat stel om 'n kultuurverandering in kategese te bring en sowel kinders as hulle ouers by kategese te betrek.

Gemeentes wat gebruik maak daarvan, bly ten volle in beheer van kategese in hul eie gemeente en kry tydige, akkurate data oor hulle kinders se vordering. Daar is selfs verslagfunksies in die stelsel ingebou, wat dit moontlik maak om met die druk van 'n knoppie alle gemeentekinders se ouers op datum te hou oor hul kinders se vordering.

*Besoek **LigApp Kategese** by **www.ligapp.co.za** of e-pos Francois Lamprecht by **francois@ligapp.co.za***

VBO VIR PREDIKANTE

VBO FORUM

# neem lees

**2 tot 4**
September 2024

**Moolmanshoek** Rosendal-distrik

## DAGBOEK DIE GELEENTHEID

*Meer inligting volg later*





Aanbieders


LINDIE KOORTS FANIE CRONJÉ


BESKIKBAAR
CLF BOEKWINKELS
Jesus Leef
Die Vrug van die Gees
Die Wapenrusting van God
R120
per stel
baar in Afrikaans en Engels
lit as 'n stel of individueel
lynwinkel - https://shop.clf.co.za/
nkels - https://shop.clf.co.za/contact-us/
Epos - order@clf.co.za
Klik hier


Feesseisoen
PROMOSIE
KOOP HIERDIE EN MEER VIR
R50
OF MINDER
KOOP NOU
Klik hier


Children of God
Tell, tell!
GOD se Verhaal
GOD'S STORY
Geloof
VORMING
Wees gereed vir die nuwe jaar
Koop u materiaal nou!
Vertel my meer Bybel
Klik hier


MY CITY Sounds
LUISTER NA DIE LIEDJIE "KYK NA DIE HERE" OP ALLE PLATFORMS!
KYK NA DIE HERE
Cézanne Yzelle & Jacobus Silwer
Engo
Special Song for a Great Caus
ARTISTS: Cézanne Yzelle | Jacobus Silwer
Klik hier


DONATION
Help 'n gesin in nood hi
VAKANSIESEISO
Hier is 'n paar riglyne vir die
Klik hier


2024
KANDELAAR
EERSTEJAARSKAMP
POTCHEFSTROOM
kandelaar studentegemeente
2 Feb
rus ons webtuiste
ndelaar.org/
Scan die QR - kode vir die inskrywing!
Klik hier


KinderKersKous
ONDERSTEUN ONS PROJEK
u bydrae sit Bybelse boeke in die hande van kinde
www.bybelmedia.co.za
Klik hier


1873 - 2023
GOD SE LEWEGEWENDE STROOM
Die verhaal van die NG Gemeente Frankfort
Dr Gerdie van der Merwe VDM
BESPREEK VOORAF!
R500
NG KERK FRANKFORT
FNB
TAK KODE: 230433
REK NR: 62638590126
VERWYSING: Gedenkboek & Naam
Inligting: 060 524 2049
Klik hier


NUUT
LUCA
Vind die regte woorde om jou hart na God te wend
HENNIE MAARTENS
Gebed vir elke geleentheid
Hierdie is nie net die perfekte boek om 'n persoonlike gebedslewe te verryk nie, maar ook die ideale boek vir mense wat vir groepe moet bid, soos onderwysers, skoolhoofde, predikers, ouderlinge, selgroep-leiers en jeugleiers. Kondig dit af in u kerke, gemeentes en enige geestelike byeenkoms.
Klik hier

TOWERS OF HOPE
LEADERSHIP FOUNDATION



# Hierdie Kersfees

**GEE** ONS GENOEG OM ... OM EERDER TE **GEE**

Tel: +27 (0)51 430 4274
Henrystraat 37 | Bloemfontein | 9301
www.towersofhope.org

**Lees meer**

COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

# 2024 BRUGLERAAR OPLEIDING

## KURSUS 1

**Module 1** | 6 tot 8 Februarie 2024
**Module 2** | 23 tot 25 April 2024

## KURSUS 2

**Module 1** | 3 tot 5 September 2024
**Module 2** | 12 tot 14 November 2024

**Navrae** | *André Agenbag @ **agenbag1@sun.ac.za***

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## NUUT Om sinvol af te tree

VBO FORUM

**30 - 31 Januarie 2024** | 'n Werkswinkel vir predikante in die afrondingsfase van hulle bediening met die tema: *"Daar is lewe vóór én ná aftrede"*. Die Aftredekursus word te NG Kerk Suidoos-Pretoria (Stellastraat) aangebied deur Petrus Moolman, Johan Pienaar, Faure Louw, Martin Lazenby en Theo Smith. Koste: R750 | VBO: 20 punte | Sluitingsdatum: 25 Januarie 2024. Navrae @ Rika by excelsus@up.ac.za

Lees meer + Registreer +

## NUUT Oorgeërfde familie trauma

VBO FORUM

**20 Februarie 2024** | 'n Pastorale Beradingskursus (met geen toelatingsvereistes nie) in pastorale begeleiding rakende die impak van oorgeërfde familie trauma (generasie bagasie), 'n Zoom-aanbieding deur prof Wentzel Coetzer. Koste: R250 p/p | 5x VBO-punte/5x CPSC-punte/5x AFM/PCD-punte | Handboek te koop (opsioneel) @ R200 (R120 koerierkoste). Persone wat nie die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en 'n skakel ontvang om in enige latere stadium weer die kursus te volg. Navrae @ 083 660 0409 / e-posadres: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Registreer +

## NUUT Spirituele Rigting-opfrissingskursus

VBO FORUM

**2024** | Die doel van die Opfrissingskursus is om ons passie vir Spirituele rigting weer aan te wakker; ons vaardigheid as spirituele begeleiers op te skerp en deelnemers as spirituele begeleiers by die Sentrum vir Spiritualiteit te akkrediteer. Vier blokke van twee dae elk, gefokus op toerusting en opleiding.

Lees meer + Registreer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

Bybel-Media

**Publikasie**
*Uitgenooi*

**Loer hier »**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Onder die blaredak*

**Loer hier »**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Nuusbrief**
*Missie Japan*

**Lees hier »**

*Oorgeneem uit (c) 2023 Mission Japan*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Leon Foot skryf: Jacobsdal sal moet verduidelik**
*Kerkbode / 6 Desember 2023 / Briewe*
*Leon M Foot*

ELDERS GELEES
**Pas afgetrede Frederick Marais vanaf 1 Januarie by Skool vir Sosiale Innovasie op Wellington**
*Kerkbode / 6 Desember 2023 / Nuus*

**Beroepbare proponente en diensleraars: Ontmoet UV se klas van 2023**
*Kerkbode / 30 November 2023 / Nuus*

**'Ds Liezel' se gemeente het 'aflosstokkie' by haar oorgeneem**
*Kerkbode / 29 November 2023 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS


Nuut

GEMEENTEGEBEURE

Kalender | Belangrike datums

2023

ADVERTEER AANLYN HIER

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | 051 406 6700

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | 023 342 6030

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | 051 406 6700


# Predikantenuus

VRYSTAAT

**BEROEP** | **Ds Erich Cornelissen** van NG Gemeente Harmonie, Virginia is na NG Gemeente Bethlehem-Noord beroep. **Proponent Stephan Swart** is op 22 November 2023 as medeleraar na NG Gemeente Bethlehem-Éfrata beroep. **Ds Charné Viljoen** van NG Gemeente Pellissier is na NG Gemeente Groot-Brakrivier beroep. **Ds Stefan Conradie** van NG Gemeente Arlington/Lindley het die beroep na NG Gemeente Reitz-Wes aanvaar. **Ds Chris van der Linde** van NG Gemeente Vryburg-Wes het die beroep as voltydse leraar na NG Gemeente Hennenman aanvaar. **Ds Gerhard Wessels** is beroep na NG Gemeente Kroonstad-Suid met diensaanvaarding op 1 Desember 2023. **EMERITAAT** | **Ds Mauritz Heyneman** het vanuit NG Gemeente Heuwelkruin op 30 November 2023 emeriteer. **Dr Hannes Els** het vanuit NG Gemeente Kroonstad-Suid op 30 November 2023 emeriteer.

# VERJAARSDAE



**Veels geluk!**

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## JANUARIE

| | |
|---|---|
| 02 | Ds Friedrich Kotzé<br>**VAALPARK** |
| 02 | Ds Waldemar Stumpfe<br>**FICKSBURG** |
| 08 | Mnr Frans Mosala<br>**BOUDEPARTEMENT** |
| 09 | Ds Craig Saltzmann<br>**HEUWELSIG** |
| 09 | Ds Madelein Bakker<br>**BETHLEHEM-OOS** |
| 13 | Ds Jan Botha<br>**SASOLBURG-SENTRAAL** |
| 14 | Ds Tano Bongers<br>**BLOEMFONTEIN-NOORD** |
| 14 | Ds Jan Venter<br>**CLARENS** |
| 15 | Dr Leon M Foot<br>**WELKOM-SUID** |
| 16 | Ds Pikkie Maritz<br>**OOSHOEK** |
| 16 | Ds Erich Cornelissen<br>**HARMONIE** |
| 18 | Ds Willie Beets<br>**ODENDAALSRUS** |

# DIE VERLORE SKAPIE

## Sondagskool

deur MARTIN SCHWELLA




"Dit is 'n pragtige Sondagoggend in Blêrfontein en dit is ook Leon die lammertjie se heel eerste Sondagskoolklas. Hy is, soos altyd, opgewonde. Leon kry vir Tjoppie by die kerk se deur en hulle vind hul pad na die Sondagskoolklas. Hulle groet mekaar natuurlik eers met 'n pootstoot en 'n lekker "Blêr"! Net buite die klassie ontmoet Leon 'n nuwe skapie ...

"Hallo julle!" groet sy. Dit is die oulikste meisiekind-skapie. "Dit is Molly" vertel Tjoppie vir Leon terwyl hulle nader stap. Toe hulle by haar kom, stel Leon homself voor: "My naam is Leon." "Hallo Leon, ek is Molly, aangename kennis, en hallo vir jou ook ou Tjoppie!" groet sy vriendelik terug en dan wys sy vir hulle om in te gaan. Molly is baie netjies, sy het 'n pragtige pienk strikkie in haar wolle, sy dra 'n fraai groen rokkie en sy glimlag altyd breed. Molly hou van orde en ook om te help waar sy kan. Sy is tannie Êna se kleindogter, maar die ander skapies ken haar as bietjie van 'n klaskaptein.

In die klas is juffrou Katryn; sy is 'n kat. Sy gee al vir jare lank kategese en is passievol daaroor om die jong klomp se geloof te help vorm. Juffrou Katryn groet haar klassie en dan begin sy met haar les.



Vandag se les handel oor sonde en vergifnis. Leon en Tjoppie sit en luister aandagtig, die twee blêrs is gretig om te leer en te verstaan. Net voor hulle sit Molly en 'n paar ander maatjies. Juffrou Katryn het 'n witbord waarop sy vandag 'n paar illustrasies maak.

"Wie weet wat staan in Johannes 3 vers 16?" vra juffrou Katryn. Molly steek dadelik haar pootjie in die lug, asook Tjoppie reg agter haar - hulle beide wil antwoord. Juffrou wys na Molly. "Die Here is my Herder ..." antwoord sy. "Nee Molly, dit is Psalm 23. Tjoppie, wat sê jy?" juffrou Katryn wys na Tjoppie. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" antwoord Tjoppie korrek. Molly frons vreeslik, sy wou dan die regte antwoord gee.
"Hmf!" sug sy.

Lees meer hier, my BLÊR

**Ds Madelein Bakker** | Leraar van NG Gemeente Bethlehem-Oos

# 'n Bord van oorloed

*My donker hang in 'n swaar*
*mantel om my nek,*
*buig my skouers na voor,*
*knak my ego, ek verloor*
*my stem, my goue geel,*
*my kinderskulp, my moederskoot,*
*my plek*

*maar in 'n hemel van smart skitter*
*'n skynende hoop in die rigting*
*van die Krip.*

**KERSGEDIG**

My pa (en ma!) se skaappot is een van my gunsteling-etes. My ma koop altyd vars groente vir hierdie bederf-ete of haal selfs pampoen en patats uit die groentetuin. Eers braai hulle die uie met heerlike speserye en dan braai my pa die skaapnek en skenkels in die pot. Intussen sny my ma die berge groente op. Deur die loop van die volgende vyf uur word die verskillende groentes bygevoeg, elkeen op sy gepaste tyd.

Op 'n geseënde dag is al vyf die kinders en hulle gesinne daar en eet almal heerlik saam aan hierdie pot terwyl ons luidrugtig om die etenstafel kuier. Dit is 'n bord van oorvloedige voedingswaarde, natuurlike geure en kosbare herinneringe.


In teenstelling hiermee kies ons te midde van die eise van ons oorlaaide lewe dikwels die makliker, vinniger en geriefliker opsie: Die verslawende plastiek van wegneemetes. Dit pas immers in ons gejaagde bestaan van vandag. Hoe makliker, hoe beter. Hoe vinniger, hoe meer aanloklik. Ek wonder selfs hoeveel mense nog hier lees ná my uitgerekte storie. Dit lyk vir my al hoe meer of ons kwantiteit kies bo kwaliteit. Dan spog ons nog met ons baie klere van SHEIN en ons baie oppervlakkige vriende en ons baie geld vir ons min kinders. Miskien weet ons nie meer hoe om waarde te meet nie.


**Lees meer** »




Foto: **Ds Madelein Bakker**


NG Kerk
Vrystaat
2024
STUDENTE
BEURSAANSOEKE
NOU OOP!
DOEN AANSOEK
KONTAK ONS
Tertius Botha
(051) 406 6700
tbotha@ngkvs.co.za
ngkerkvrystaat.co.za
Aansoeke sluit
31 JANUARIE 2024











**Beste *VRYPOS*-leser**

Baie dankie vir 'n wonderlike jaar. Ons waardeer elkeen se bydraes, komplimente en ondersteuning met die uitgawes van 2023. Ons is ongelooflik dankbaar vir elke getroue leser en kan met trots sê dat vir Jaargang 21 die *VRYPOS*-uitgawes altesaam **24 651** keer gelees is!

Mag dit 'n geseënde Christusfees wees vol vreugde en samesyn en mag 2024 voorspoedig wees.

Ons *VRYPOS*-span sien uit na Jaargang 22 en al die nuwe hoofstukke en avonture wat dit mag inhou.

BAIE *dankie*

CELICIA & CARLIE
*"die Kerkmuise"*
Departement: Kommunikasie en Bemarking

# KONTAK ONS

REDAKSIE


**NG KERK VRYSTAAT**

Departement Kommunikasie en Bemarking

**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301

Posbus 11412, Universitas 9321


Nuusgebeure | Bydraes | Inligting

voor 12:00 Dinsdae na

cmclean@ngkvs.co.za




# Samestellers


Celicia McLean (Redaksioneel)

**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus

**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**


**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg

Magdaleen du Toit

NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**


© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking